GRAAD 8 **TAAK 5: KONTROLETOETS** **TYD: 90 MINUTE**

JUNIE 2024 **PUNTE: 60**

EKSAMINATOR: A. CLOETE **MODERATOR: VAKSPAN**

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie toets bestaan uit **VIER** Afdelings.

   AFDELING A: VRAAG 1 BEGRIPSTOETS **(20 PUNTE)**

   AFDELING B: VRAAG 2 VISUELE TEKS **(10 PUNTE)**

   AFDELING C: VRAAG 3 OPSOMMING **(10 PUNTE)**

   AFDELING D: VRAAG 4 TAAL **(20 PUNTE)**

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke Afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.
5. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
6. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.

VOORSPOED!

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 9 BLADSYE

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

VRAAG 1

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg:

TEKS A

Jou tiener en sosiale media – gebruik of misbruik?

SKRYWER: Marie Brits

1. Die gesprek jare gelede al begin – toe televisie net in ons huise beland het en Riaan Cruywagen deur ‘n ou tante wat ek geken het, beskryf is as “darem so mooie man”. (En ja, sy het spesiaal hare gekam vir die geleentheid.) Daar is daardie jare al gevra: Moet ek my jong kind toelaat om televisie te kyk? En hoe lank is lank genoeg? Party ouers is baie gekritiseer omdat hulle die televisie as kinderoppasser gebruik het (vandag gebeur dit nogsteeds) – sodat hulle nog ‘n rukkie kan slaap of darem net die kos op die tafel kan kry.

2. Dit is egter kinderspeletjies teen vandag se situasie. Deesdae beteken skermtyd soveel meer, want televisie is maar net een van die mediums. Ons kinders het vandag toegang tot ‘n verskeidenheid toestelle. Buitendien is hulle so goed met die nuutste tegnologie, dat ouers hulle koppe bymekaar moet hou om net by te hou.

3. Navorsing wys dat akademiese prestasie negatief deur te veel skermtyd geraak kan word. Navorsing wat in 2023 in Amerika gedoen is, sê dat kinders jonger as twee jaar nie aan digitale inhoud blootgestel moet word nie en kinders ouer as twee jaar ‘n maksimum van twee ure per dag skermtyd toegelaat kan word. Dit is nie die opvoedkundige tyd die probleem is nie, maar die nie-opvoedkundige tyd, soos televisie, internet, rekenaarspeletjies en sosiale media. Ander navorsing sê kinders jonger as twee word negatief geraak ten opsigte van taalontwikkeling, leesvermoë en korttermyngeheue. Boonop kan dit bydra tot probleme met slaap en aandag.

4. Navorsers van die Cincinnati Kinderhospitaal het die breinontwikkeling van kinders wat baie ure per dag voor skerms is vergelyk met kinders wat die meeste van hulle tyd lees, speel en sosialiseer. Die kinders wat te veel skermtyd gehad het se breine het swak konnektiwiteit in die areas wat taalontwikkeling en kognitiewe beheer kontroleer, getoon.

5. ‘n Ander studie het gewys dat te veel skermtyd ‘n wanbalans in die breinchemie kan veroorsaak wat lomerigheid, depressie en angs veroorsaak. Nog ‘n navorser het ‘n sterk ooreenkoms gevind tussen die skermtyd van adolessente en depressie, wat tot selfdoodgedagtes kan lei.

6. Die gebruik van selfone en ander toestelle en tegnologie is deel van ons kinders se verwysingsraamwerk. Dit is ook so dat dit nie net negatief is nie. Tog is daar gevare aan verbonde – soos kuberboeliery, webtuistes wat nie geskik en ouderdomstoepaslik is nie en natuurlik heeltemal te veel skermtyd wat weer tot ander probleme lei. Maar waarna behoort ouers te kyk, en wat is die gevaartekens wat dui op misbruik van sosiale media / internet – en hoe beïnvloed dit ons kinders se gedrag?

7. Marie Brits sê dat dit die kern van die probleem is: “Die feit dat die grendeltydperk sy eie angs en onsekerheid geskep het, het reeds ‘n bepaalde psigologiese invloed op ons kinders gehad – daarmee saam het dan byvoorbeeld kuberboeliery ‘n groot emosionele impak op kinders gehad.” Sy sê ook dat kinders nie noodwendig emosioneel reg is vir die goed waaraan hulle blootgestel word nie en nie weet hoe om dit te hanteer nie. “Mens sien hoe baie kinders meer emosioneel tydens die isolasietydperk was en ouers het nie noodwendig verstaan wat met hulle kinders gebeur nie.”

Verwerk uit: LIG

VRAE:

1.1 Wat is die titel van hierdie leesstuk? (1)

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter (A–D) neer bv. 1.2 E

Watter woord in paragraaf 1 is ‘n sinoniem van die woord: **tannie**

A debat
B man
C tante
D kinderoppasser (1)

1.3 Haal slegs 1 woord uit paragraaf 1 aan wat verwys na ‘n persoon wat ander mense se kinders vir hulle oppas. (1)

1.4 Wie is die skrywer van hierdie leesstuk? (1)

1.5 Gee een voorbeeld van ‘n skerm waaraan kinders blootgestel word volgens paragraaf 2. (1)

1.6 Haal 5 opeenvolgende woorde uit paragraaf 2 aan wat vir ons sê dat tieners baie goed is met moderne tegnologie. (1)

1.7 Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord.

Tegnologie is nie goed vir akademiese prestasie nie. (1)

1.8 Noem die land waar daar navorsing gedoen is in 2013 volgens paragraaf 3. (1)

1.9 Wat volgens paragraaf 3, is die TWEE hoof aanbevelings wat gemaak is volgens hierdie navorsing van 2023. (2)

1.10 Noem enige 3 tipes nie opvoedkundige dinge waarmee kinders hulself besig hou op skerms, volgens paragraaf 3. (3)

1.11 Verduidelik watter tipe navorsing word by Cincinnati kinderhospitaal gedoen? (2)

1.12 Wat is die naam van die hospitaal waarvan daar geskryf word in paragraaf 4? (1)

1.13 Noem die 3 newe-effekte van ‘n breinchemie wanbalans volgens paragraaf 5. (3)

1.14 Noem 1 ding wat die grootste emosionele impak op kinders gehad het volgens paragraaf 7. (1)


TOTAAL:20

AFDELING B: VISUELE TEKS

VRAAG 2

Bestudeer die onderstaande visuele teks en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

TEKS B



VRAE:

2.1	Wat is die naam van die tydskrif waarin hierdie strokiesprent verskyn?	(1)
2.2	Wat is die naam en van, van die kunstenaar wat die strokiesprent geteken het?	(1)
2.3	Vul die ontbrekende woord in: Volgens die seuntjie gaan sy _____ in die moeilikheid wees as sy punte nie verbeter nie.	(1)
2.4	Hoeveel kindertjies is daar altesaam in hierdie prentjie?	(1)
2.5	Volgens die seuntjie, wie het gesê dat sy juffrou in die moeilikheid gaan wees?	(1)
2.6	Waaroor gaan juffrou in die moeilikheid wees?	(1)
2.7	Dink jy dat hierdie ‘n laerskool of ‘n hoërskool is? Motiveer jou antwoord.	(1)
2.8.1	Hoeveel dogtertjies is in hierdie juffrou se klas?	(1)
2.8.2	Verduidelik waarom jy so sê deur na hulle voorkoms te verwys.	(1)
2.9	Watter boodskap word met hierdie strokiesprent oorgedra?	(1)

TOTAAL: 10

AFDELING C: OPSOMMING

VRAAG 3

1. Som die hoofgedagtes van die onderstaande teks in **SEWE** WENKE op oor wat die negatiewe kant van tegnologie op tieners kan wees.
2. Skryf elke wenk in ‘n volsin neer.
3. Nommer die sinne vanaf 1 - 7.
4. Laat ‘n reël tussen die sinne oop.
5. Jou opsomming moet **70** woorde lank wees.
6. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

Die negatiewe kant van tegnologie

1 Tegnologie en veral die misbruik daarvan, speel ‘n groot rol in ons kinders se daaglikse welstand. Ander gebiede word afgeskeep sodat hulle meer tyd aanlyn kan bestee en fisieke, akademiese, gesins- en sosiale gesondheid word eenkant geskuif gelaat.

2 Aanlyn kuier en speletjies speel maak inbreuk op slaap – kwaliteit en kwantiteit – wat weer ‘n negatiewe uitwerking op die tiener se gemoedstoestand, emosies, konsentrasie en geheue kan hê.

3 Die impak op gesondheid as gevolg van ‘n onaktiewe leefstyl en oormatige aanlyn gebruik, kan gesien word in oorgewig en onfiksheid onder ons tieners.

4 Oorspronklike kreatiewe denke word afgeskeep weens afgestompte dieper breinfunksies.

5 ‘n Oordrewe fokus op ander se menings, kan lei tot ‘n gebrek aan selfvertroue, ’n negatiewe selfbeeld en sielkundige probleme soos depressie.

6 Behalwe die verslawende uitwerking daavan, kan rekenaarspeletjies, veral as jou tiener dit suksesvol baasraak en gereeld “wen”, tot ‘n vals gevoel van outoriteit lei.

7 Die ontwikkeling van digitale demensie, of ‘n toestand van sosiale diskonneksie as gevolg van oormatige gebruik van en blootstelling aan tegnologie lei tot groot kommer onder tieners.

TOTAAL: 10

AFDELING D: TAAL

VRAAG 4

- Bestudeer die onderstaande leesstukkie en beantwoord dan die taal vrae wat daarop volg.

TEKS D

Hoe moet jy as ouer die situasie van sosiale media en die tegnologie benader?

1. "Ons moet ons kinders aan die begin vergesel, later monitor, dan mentor en uiteindelik met belangstelling en omgee af en toe inloer en gesels oor hulle doen en late op sosialemediaruimtes." – Hugo Theron, kliniese sielkundige in 'n onderhoud op LitNET

2. Dit is 'n situasie wat met begrip, maar ook met duidelike riglyne hanteer behoort te word en ons moet as gesin saam besluit wat werk. Hieroor sê Marie Brits die volgende:

3. Beperk skermtyd – neem toestelle saans na 'n bepaalde tyd af. Laat kinders self help om skermtyd te bepaal.

4. Geen skermtyd langs die etenstafel of in die slaapkamer voor slapenstyd nie. (Vir ons ouer kinders is die gebruik van 'n Kindle wel toelaatbaar as hulle wil lees voor slapenstyd, omdat dit nie 'n "blou skerm" is nie.)

5. Kyk saam met jou kinders na die dokumentêr "Social dilemma".

6. Wees bedag op jou eie gebruik van sosiale media en onthou maar gerus: "Woorde wek, maar voorbeelde trek".

7. Moedig jou kinders aan om elke dag in die natuur te kom en te oefen (selfs net 30 minute stap is voordelig).

4.1 Gee die **Meervoude** van die onderstreepte woorde in die sin hieronder.

Die (4.1.1 <u>sielkundige)</u> kyk na die invloed van sosiale media op verskeie (4.1.2 <u>kind)</u> sodat ouers ingeligte besluite kan neem. (2)

4.2 Gee die **Intensiewe vorm** van die woord in hakies.

Vir ouer kinders is die gebruik van Kindle wel toelaatbaar omdat die skerm nie (<u>blou)</u> is nie. (1)

4.3 Skryf die sin hieronder oor deur met die **Vetgedrukte** woord te begin.

Kinders moet **saans** hulle skerms bêre. (1)

4.4 Skryf die onderstaande sin in die **Toekomende tyd** neer. (1)

Kinders wat nie saans skermtyd kry nie, slaap beter.

4.5 Lees die sin hieronder en skryf dan die **Werkwoord** wat in die sin voorkom, neer.

Kyk saam met jou kinders na die dokumentêr “Social dilemma”. (1)

4.6 Gebruik die onderstaande lys van **Voorsetsels** om die sin te voltooi.

Lys:

met	**voor**	**by**	**vir**

Ouers moet hulle kinders aanmoedig om minder tyd 4.6.1_____ skerms deur te bring en meer geleenthede skep 4.6.2_____ familie tyd en ander lekker aktiwiteite. (2)

4.7 Skryf die onderstaande sin in die **Verlede tyd**.

Selfs net 30 minute stap is voordelig vir kinders. (1)

4.8 Lees die onderstaande sinne en skryf dan die regte vorm van die **Deelwoord** in hakies neer.

4.8.1 Die (sit) kind is heeltyd besig op sy selfoon.
4.8.2 Spelerige kinders wat die heel aand op hulle selfone is, is (slaap) kinders deur die
4.8.3 dag. (3)
Jy is so besig op jou selfoon dat jy nie eers besef daar is ‘n vars (bak) brood vir aandete nie.

4.9 Skryf die sinne hieronder in die **Ontkennende vorm** neer.

4.9.1 Kinders speel elke dag op hulle selfone. (1)
4.9.2 Ouers moet hulle kinders monitor met selfoon gebruik. (1)

4.10 Vul die ontbrekende **Trappe van vergelyking** van die tabel hieronder op jou antwoordblad neer. Skryf slegs die nommer en die korrekte antwoord neer.

Stellende trap	**Vergrotende trap**	**Oortreffende trap**
Fluks	4.10.1	Fluksste
4.10.2	Ouliker	Oulikste
Goed	Beter	4.10.3

(3)

4.11 Skryf die sinne hieronder oor deur met die onderstreepte woorde te begin.

(1)

4.11.1 Ek gaan nie <u>vandag</u> op my foon speel nie. (1)

4.11.2 Ek dink <u>partykeer</u> selfone steel ons tyd!

4.12 Skryf die volgende sin oor in die **Direkte rede**.

(1)

Hugo Theron sê dat selfoon misbruik ‘n groot probleem is.

TOTAAL: 20

GROOT TOTAAL: 60